GOVT PUB
14 OCT 1997

# REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

# STAATSKOERANT

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

*Registered at the Post Office as a Newspaper* *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

VOL. 388 CAPE TOWN, 3 OCTOBER 1997 No. 18335

KAAPSTAD, 3 OKTOBER 1997

## OFFICE OF THE PRESIDENT

No. 1302. 3 October 1997

It is hereby notified that the President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 45 of 1997: Extension of Terms of Office of Members of Certain Councils Act, 1997.

## KANTOOR VAN DIE PRESIDENT

No. 1302. 3 Oktober 1997

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 45 van 1997: Wet op die Verlenging van Ampstermyne van Lede van Sekere Rade, 1997.

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

**[ ]** Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

________ Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

# ACT

**To amend the Pharmacy Act, 1974, in order to extend the terms of office of the members of the Interim Pharmacy Council of South Africa; to amend the Medical, Dental and Supplementary Health Service Professions Act, 1974, in order to extend the terms of office of the members of the Interim National Medical and Dental Council of South Africa; to amend the Nursing Act, 1978, in order to extend the terms of office of the members of the South African Interim Nursing Council; and to provide for matters connected therewith.**

*(English text signed by the President.)*
*(Assented to 25 September 1997.)*

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

**Amendment of section 3 of Act 53 of 1974, as amended by section 4 of Act 6 of 1995**

**1.** Section 3 of the Pharmacy Act, 1974, is hereby amended by the substitution for paragraph *(e)* of the following paragraph:

"*(e)* to make recommendations to the Minister on the constitution of a new council within a period not exceeding **[24]** 30 months calculated as from the date of commencement of the Pharmacy Amendment Act, 1995 (Act No. 6 of 1995); and".

**Amendment of section 5 of Act 53 of 1974, as substituted by section 6 of Act 6 of 1995**

**2.** Section 5 of the Pharmacy Act, 1974, is hereby amended by the substitution for subsection (6) of the following subsection:

"(6) Subject to the provisions of section 7, the members of the council shall hold office as from the date contemplated in subsection (5) until the date of constitution of a new council, but not exceeding **[24]** 30 months.".

## ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

**[ ]** Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

_____ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

# WET

**Tot wysiging van die Wet op Aptekers, 1974, ten einde die ampstermyne van die lede van die Interim Aptekersraad van Suid-Afrika te verleng; tot wysiging van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aanvullende Gesondheidsberoepe, 1974, ten einde die ampstermyne van die lede van die Interim Nasionale Mediese en Tandheelkundige Raad van Suid-Afrika te verleng; tot wysiging van die Wet op Verpleging, 1978, ten einde die ampstermyne van die lede van die Suid-Afrikaanse Interim Raad op Verpleging te verleng; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

*(Engelse teks deur die President geteken.)*
*(Goedgekeur op 25 September 1997.)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Wysiging van artikel 3 van Wet 53 van 1974, soos gewysig deur artikel 4 van Wet 6 van 1995**

**1.** Artikel 3 van die Wet op Aptekers, 1974, word hierby gewysig deur paragraaf *(e)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(e)* binne 'n tydperk van hoogstens **[24]** <u>30</u> maande bereken vanaf die datum van inwerkingtreding van die Wysigingswet op Aptekers, 1995 <u>(Wet No. 6 van 1995)</u>, aanbevelings aan die Minister te doen oor die samestelling van 'n nuwe raad; en".

**Wysiging van artikel 5 van Wet 53 van 1974, soos vervang deur artikel 6 van Wet 6 van 1995**

**2.** Artikel 5 van die Wet op Aptekers, 1974, word hierby gewysig deur subartikel (6) deur die volgende subartikel te vervang:

"(6) Behoudens die bepalings van artikel 7 beklee die lede van die raad hulle amp vanaf die datum in subartikel (5) beoog tot die datum van instelling van 'n nuwe raad, maar vir hoogstens **[24]** <u>30</u> maande.".

**Amendment of section 3 of Act 56 of 1974, as amended by section 2 of Act 58 of 1992 and section 4 of Act 18 of 1995**

**3.** Section 3 of the Medical, Dental and Supplementary Health Service Professions Act, 1974, is hereby amended by the substitution for paragraph *(f)* of the following paragraph:

"*(f)* to make recommendations to the Minister on the constitution of a new council within a period not exceeding **[24]** 30 months calculated as from the date of commencement of the Medical, Dental and Supplementary Health Service Professions Amendment Act, 1995 (Act No. 18 of 1995);".

**Amendment of section 5 of Act 56 of 1974, as substituted by section 5 of Act 18 of 1995**

**4.** Section 5 of the Medical, Dental and Supplementary Health Service Professions Act, 1974, is hereby amended by the substitution for subsection (6) of the following subsection:

"(6) Subject to the provisions of section 6, the members of the council shall hold office as from the date contemplated in subsection (5) until the date of constitution of a new council, but not exceeding **[24]** 30 months.".

**Amendment of section 3 of Act 50 of 1978, as amended by section 4 of Act 5 of 1995**

**5.** Section 3 of the Nursing Act, 1978, is hereby amended by the substitution for paragraph *(f)* of the following paragraph:

"*(f)* to make recommendations to the Minister on the constitution of a new council within a period not exceeding **[two years]** 30 months from the date of the commencement of the Nursing Amendment Act, 1995 (Act No. 5 of 1995);".

**Amendment of section 5 of Act 50 of 1978, as substituted by section 5 of Act 5 of 1995**

**6.** Section 5 of the Nursing Act, 1978, is hereby amended by the substitution for subsection (6) of the following subsection:

"(6) Subject to the provisions of section 6, the members of the council shall hold office as from the date contemplated in subsection (5) until the constitution of a new council but not exceeding a period of **[two years]** 30 months.".

**Short title and commencement**

**7.** This Act shall be called the Extension of Terms of Office of Members of Certain Councils Act, 1997, and shall be deemed to have come into operation on 22 August 1997.

**Wysiging van artikel 3 van Wet 56 van 1974, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 58 van 1992 en artikel 4 van Wet 18 van 1995**

**3.** Artikel 3 van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aanvullende Gesondheidsberoepe, 1974, word hierby gewysig deur paragraaf *(f)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(f)* om binne 'n tydperk van hoogstens **[24]** 30 maande bereken vanaf die datum van inwerkingtreding van die Wysigingswet op Geneeshere, Tandartse en Aanvullende Gesondheidsberoepe, 1995 (Wet No. 18 van 1995), aanbevelings aan die Minister te doen oor die samestelling van 'n nuwe raad;".

**Wysiging van artikel 5 van Wet 56 van 1974, soos vervang deur artikel 5 van Wet 18 van 1995**

**4.** Artikel 5 van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aanvullende Gesondheidsberoepe, 1974, word hierby gewysig deur subartikel (6) deur die volgende subartikel te vervang:

"(6) Behoudens die bepalings van artikel 6 beklee die lede van die raad hulle amp vanaf die datum in subartikel (5) beoog tot die datum van samestelling van 'n nuwe raad, maar vir hoogstens **[24]** 30 maande.".

**Wysiging van artikel 3 van Wet 50 van 1978, soos gewysig deur artikel 4 van Wet 5 van 1995**

**5.** Artikel 3 van die Wet op Verpleging, 1978, word hierby gewysig deur paragraaf *(f)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(f)* om binne 'n tydperk van hoogstens **[2 jaar]** 30 maande vanaf die datum van inwerkingtreding van die Wysigingswet op Verpleging, 1995 (Wet No. 5 van 1995), aanbevelings aan die Minister te doen oor die samestelling van 'n nuwe raad;".

**Wysiging van artikel 5 van Wet 50 van 1978, soos vervang deur artikel 5 van Wet 5 van 1995**

**6.** Artikel 5 van die Wet op Verpleging, 1978, word hierby gewysig deur subartikel (6) deur die volgende subartikel te vervang:

"(6) Behoudens die bepalings van artikel 6 beklee die lede van die raad hulle amp vanaf die datum in subartikel (5) beoog tot die datum van die samestelling van 'n nuwe raad, maar vir 'n tydperk van hoogstens **[2 jaar]** 30 maande.".

**Kort titel en inwerkingtreding**

**7.** Hierdie Wet heet die Wet op die Verlenging van Ampstermyne van Lede van Sekere Rade, 1997, en word geag op 22 Augustus 1997 in werking te getree het.